VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardag. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

20 Feb **Ina Steyn.** Wyk 4

23 Feb **Lizette Nell**. Wyk 9

24 Feb **Tommie Chambers**. Wyk 6

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.

Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**

Bank: FNB Potchefstroom.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, min noedels, koekmeel, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram). Sunlight seep, skottelgoedseep, toiletpapier.

Die jongste uitgawe van **Die Kerkblad** is beskikbaar. Intekenare kan dit na die diens in die saal kom afhaal.

Ons doen ook weer 'n vriendelike maar dringende beroep op lidmate wat nie ingeteken is nie, om dit te oorweeg om in te teken. Die voortbestaan van ons blad is afhanklik van die intekenare.

Inligting kan by Prof Callie of Piet Aartsma verkry word.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 38, nr 6 Sondag 20 Februarie 2022
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderling wyk 1 **Gert Kruger** en wyk 2 **Frikkie Venter.** Diaken: Wyk 1 **Johan Viljoen** en Wyk 2 **Zurich Terblanche.**

EREDIENSTE Oggend ds Jannes van Dyk: aand prof Chris v d Walt

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddienste om 9:00 en 11:00: Eredienste ook per whatsapp

OGGEND Oggenddiens om 09:00 en 11:00

Die gemeente vier vanoggend die sakrament van die Nagmaal. Belydende lidmate van die gemeente en besoekers wat by die kerkraad daartoe aansoek gedoen het, word hartlik uitgenooi en ook opgeskerp om aan die viering van die Nagmaal deel te neem.

Woordbediening: Johannes 1:1-18.
TEMA: ***Die vleesgeworde Woord bring 'n bedeling van heerlikheid vir elkeen wat in Hom glo.***
Sang voor die erediens: Psalm 23: 1, 3.
Sang tydens die erediens: Psalm 118: 2, 12; Psalm 51: 2, 4; Skrifberyming 5:1, 2 (Tema 4 – 8); Skrifberyming 17-3:1, 2; Psalm 116; Psalm 118: 7, 14.

Aanddiens Ons verwelkom vanaand prof. Chris van der Walt wat ons in die erediens sal voorgaan. Dit is vir ons 'n voorreg om u hier te verwelkom en ons bid u die seën van die Here op die Woordbediening en met u dienswerk aan die Teologiese Skool toe.
AAND Votum en Seën Sing: Psalm 48: 4, 5 **Gebed**
Sing: Psalm 119: 19 **Lees**: Lukas 4: 38, 39; 5:1 - 11
Fokusvers: Lukas 5: 4, 5
TEMA: ***God eis vertroue in sy Woord om weer te begin***
Woordbediening Gebed Sing: Psalm 40: 3, 4 **Seën**

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir die ***Uit dra van die Evangelie*** die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid (blou)*en *Kerkkas (rooi)*.

Nagmaal en gemeente-ete
Die gemeente vier vandag die sakrament van die Nagmaal. Die gemeente vier weer by twee geleenthede die Nagmaal: om **09:00** sal wyke **1 - 10** geleentheid ontvang om die sakrament van die Nagmaal te vier en om **11:00** sal wyke **11-20** die geleentheid ontvang om die sakrament van die Nagmaal te vier. Daar sal eers geleentheid gegee word aan lidmate wat aan tafel en met bekers die die Nagmaal wil vier, om toe te tree. Die drinkbeker kan tussen lede van dieselfde huishouding gedeel word. Daarná sal geleentheid gegee word aan lidmate wat die Nagmaal gaande wil vier. Ons vra dat een gesin op 'n slag die geleentheid gegun word om rustig by die tafel die tekens van brood en wyn te geniet (ander lidmate wag dan by die saniteerpunt by die orrelspeeltafel).

Ons verwelkom in die besonder ons 3 lidmate wat verlede Sondag belydenis van geloof afgelê het. ***Berna-Lou Venter, Annika Coetsee en DJ Stoop***.

Die gemeente-ete sal om 13:00 in die kerksaal plaasvind. Die kerkraad voorsien koue vleis. Elke gesin voorsien hulle eie by-kos (slaai, stysel), eetgerei en drinkgoed. Beplan asseblief u porsies só dat u 'n enkellopende lidmaat kan nooi om saam met u te eet.

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGAAND 25 Februarie 2022

LIEF EN LEED

Gert van Blerk het die afgelope week eers 'n ondersoek deur die kardioloog op Vereeniging ondergaan. Ons is saam met hom en Suzette en hulle familie dankbaar dat die kardioloog se ondersoek geen skade aan die hart kon vind nie. 'n Dag later moes Gert 'n sonar van die are in sy nek ondergaan. Die bevindings van die radioloog was nie so gunstig nie en Gert sal binnekort na 'n vaskulêre chirurg in Pretoria verwys word. Ons verseker hom, Suzette en hulle geliefdes van ons voorbidding.

Jeanette Fourie sal vir 'n geruime tydjie by hulle dogter in die Kaap bly terwyl die neurochirurg en sy span 'n aantal toetse gaan uitvoer ten einde 'n geheelbeeld van Jeanette se mediese profiel te verkry voordat hulle enige behandeling sal oorweeg. Dit is ons gebed dat ons Vader u in hierdie tyd in sy liefde en ontferming sal vashou.

Susan Nortjé is vroeër die week uit die intensiewe sorgeenheid ontslaan nadat sy siek was. Sy sal binnekort weer 'n besoek aan die spesialis op Klerksdorp moet bring. Dit is ons gebed dat u en Koos met krag versterk mag word om te volhard en dat u ook deur die behandeling lewenskwaliteit mag ontvang.

Attestate **Ontvang:** Attestate ontvang vanaf die Gereformeerde Kerk Delmas van dooplidmate **Anina Berg en Pedri Berg.** Hulle woon in Adrinawoonstel 202. Hulle is familie van Ansu Berg en bly in haar woonstel.

Opgeneem: Adriaan en Tanya van Niekerk en René. Die sakrament van die doop sal D.V. op 6 Maart aan René se boeties, **Marnus en Daniël,** bedien word. Adriaan en Tanya is die kinders van Gert en Santa Meyer en was lidmate in ons gemeente voordat hulle na Engeland vertrek het. **Baie welkom aan hulle en ook aan die nuwe lidmate Anina en Pedri. Mag julle veel vreugde in ons gemeente ervaar.**

Attestate afgegee:
Na GK Potchefstroom-Suid van Jan Adriaan Chambers, Marita Chambers, asook Thomas Stephanus en Jan Adriaan (Jnr) Chambers.
Na GK Carletonville: C J Terence en Heidi Kent.

Katkisasie

	Sondag 27 Februarie			
Lesrooster: **Psalmvers:**	Les 5 Psalm 116: 1 (reël 3, 4)			
Katkisasie toesig:	Ouderling wyk 3: Graad 3 - 4 Ouderling wyk 4: Graad 5 - 6			
Wo	23/02	15:30	Hoërskoolkatkisasie	Les 17

Bybelstudie

Di	01/03	15:00	Huis Eikelaan	
Wo	02/03	18:30	Jeug (in jeugkamer)	Daniël 10
Do	03/03	09:30	Konsistorie	Handelinge 10
		18:30	Konsistorie / Ou Kerkie	2 Timoteus 3:1 - 5

Dagboek

So	20/02	09:00	Nagmaal: Wyke 1 - 10	Kerkgebou
		11:00	Nagmaal: Wyke 11 - 20	Kerkgebou
		13:00	Gemeente-ete	Kerksaal
		18:00	Danksegging	Kerkgebou
Ma	21/02	17:30	Uitdra van Evangelie	Ockerselaan11
Di	22/03	15:00	Bybelstudie	Huis Eikelaan
Wo	23/02	15:30	Hoërskoolkatkisasie	Ou Kerkie
		18:30	Jeug Bybelstudie – Daniël 10	Jeuglokaal
Vr	24:02	17:30	Gemeente-aand en Hamburgerbraai	Kerkterrein

❖ Huisbesoek: afsprake soos gereël. Siekesorg en ander pastorale ondersteuning word graag verleen sodra kennis van nood ontvang is.

.Die spesiale kollektes in Februarie 2022 gaan vir:

Sondag 20 Februarie **Uitdra van Evangelie**
Sondag 27 Februarie Expando

VERGADERING ***Uitdra van die Evangeliekommissie*** vergader Maandag 21 Februarie 2022 om 17:30 aan huis van Faans Steyn, Ockerselaan 11.

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGAAND
25 Februarie 2022

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
Vir ’n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☎ 018 294 4600 of ☎ 082 923 1384

R 25 per hamburger. Pannekoek **R 5. Worsbroodjies R 25**

EIENDOMSKOMMISSIE

Die Kerkraad en Diakonie het op sy vergadering Sondagaand toestemming verleen aan die Eiendomskommissie om voort te gaan met herstelwerk aan die saal se geute.

Tenders is verkry en die kwotasie van R 75 000 is toegestaan aan die maatskappy Enterprise (Edms) Bpk.

Die werk sal in Maart/April voltooi word.

Verdere onderhoud aan geboue en terreine sal ook in die nabye toekoms dringend aandag kry.

Hubbard-pampoen en Butternut-pampoen beskikbaar.

Ek sny dit op en dit word in sakkies verpak.

Hubbard R 30 en R 10 om op te sny.

Butternut R 10 en R 10 om op te sny.

Bestel by Nicolene

GESOEK Ons soek die persoon wat ’n rafelsakkie gemaak het vir die naaldwerktafel tydens die Susters se verkoping in November 2021. Skakel met 082 742 5960.

TEOLOGIESE SKOOL / THEOLOGICAL SCHOOL POTCHEFSTROOM
Versoek aan ons plaaslike gemeentes of daar gemeentelede is wat gestoffeerde of gemakstoele het en wat dit moontlik vir die Teologiese Skool wil skenk? Ons sal dit baie waardeer.
Lieze Coetzer
Assistent van die Rektor en Rektoraat